

26 Januarie 2012

Jaargang 4 – Uitgawe 44

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

VOORBLAD

2012 en die onderwys

Ma probeer dapper om die trane te keer. Haar graad 1-kind kyk grootoog om hom rond, óf uit nuuskierigheid óf uit naakte vrees. Die juffrou wonder by haarself: Watter een van hierdie engelgesiggies gaan vanjaar die terroris van die klas wees? Nog 'n skooljaar het begin en, deur al die grade, wonder ouers, kinders en onderwysers seker wat hierdie jaar vir hulle gaan inhou.

Daar is uiteenlopende menings oor dinge soos die kwaliteit van die kurrikulum, die toegewydheid van die onderwysers en die verantwoordelikhede van die ouers. Tog hoef 'n mens darem nog nie té moedeloos te raak nie!

Die hoëprofielposte wat Suid-Afrikaners wêreldwyd suksesvol beklee, verskaf rede tot trots. Baie van dié presteerders kom uit Afrikaanse skole en handhaaf hulself wêreldwyd op die hoogste akademiese, wetenskaplike, mediese, ekonomiese, sport- en ander terreine. Die geheim agter dié sukses is geleë in opvoeding en ondersteuning deur betrokke ouers/volwasse en onderrig deur toegewyde onderwysers wat die belang en welwese van die kind belangrik ag. Toegewyde onderwysers beywer hulle onvermoeid om net die beste vir hul leerders te bied.

Die voortdurende berigte oor kurrikulumveranderinge verwar mense. Die nuutste veranderinge is egter eintlik net 'n duideliker uiteensetting van die kurrikulum. Die oorspronklike minimumstandaarde wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring (2002) per leerarea/vak daargestel is, geld steeds. Die 'veranderinge' dui eintlik die toepaslike vlak aan wat aan die einde van elke kwartaal en aan die einde van 'n jaar bereik moet word. Verder is enkele verbeterings in die kurrikulum van sommige vakke aangebring.

Die kurrikulum stel steeds, soos in die verlede, hoë eise aan die skoolgaande jeug. Dit kan ook nie anders nie, want kinders moet onderrig word om hulle eendag te kan handhaaf in 'n snelveranderende beroepswêreld en samelewing. Beroepsleiding op skool het daarom bykans onmoontlik geraak. Ouers/grootouers/gelowige volwasse en behoort reeds van vroeg af saam met hul kinders te kyk na en te praat oor toepaslike TV-programme, staaltjies en uitstallings wat die wye beroepswêreld aan hulle bekendstel. Hulle behoort dus die gesindheid teenoor onderwys positief te beïnvloed.

Ten einde die hoë standaard van onderwys te behou en die toepaslikheid van die onderwys in so 'n snelveranderende wêreld te verseker, is die volgende nodig:

- Ouers moet vir hul kinders 'n liefdevolle, veilige tuiste bied waar hulle geborge voel, en 'n 'môre' skep waarna die kind kan uitsien en wat kan dien as motivering om hul beste te lewer. Spreuke 4: 1-9 sê ouers moet hul kinders leer wat *goed* is sodat hulle *wysheid* en *insig* kan verkry. Die Bybel stel dus hoë eise oor opvoeding en onderwys. Daarom kan geen ouer/grootouer/gelowige volwasse en kies om afsydig teenoor opvoeding en onderwys te staan nie. Elkeen moet voortdurend betrokke wees en die onderwysers se hande sterk deur goeie ondersteunende belangstelling en hulpverlening.
- Onderwysers moet steeds die belange en welwese van kinders op die hart dra en juis daarom toegewyd wees en elke dag die beste vir elke kind bied.

Watter sillabus dit ook al is, dié voor 1994, Kurrikulum 2005, die Nasionale Kurrikulumverklarings (2002) of die (Nasionale) Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring van 2012 (algemeen bekend as die CAPS), wat in die skole aangebied word, met ondersteunende ouers en toegewyde onderwysers sal ons kinders steeds met die wêreld se beste leerders kan kompeteer!



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

Oudl Freda Wilkens
Gemeente Pretoria-Oos

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Berend Greyling

Ds Hans Britz

Beroep ontvang

- **Ds Berend Greyling** van Bethlehem/Reitz na Grootfontein/Tsumeb

Beroep aanvaar

- **Ds Hans Britz** van Outjo/Otjiwarongo na die Kuruman-kombinasie

Beroep bedank

- **Ds Pierre Roets** van Springs-Oos na Ventersdorp

Vakante standplase

- **Gemeente Waterberg** beskik oor 'n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente is geleë in Nylstroom/Modimolle, 'n plattelandse dorp, die hoofsentrum en poort na die Waterberg-streek. Staatsdepartemente vir die streek, boerdery en in 'n toenemende mate toerisme vorm die belangrikste bedrywigheede in en om die dorp. Nylstroom is ook 'n gewilde aftreebestemming.



Ds Pierre Roets

Die gemeente bestaan uit 849 lidmate, waarvan 736 belydende lidmate is. 14% van die lidmate is jonger as 18 jaar; 20% is 19 tot 45 jaar; 16% tussen 45 en 60; 50% ouer as 60 jaar. Daar word van die predikant verwag om volgens Ordinansie 2.1.5 sy taak te verrig. Die bedieningsplan fokus op bejaardesorg, maar spesifieke aandag moet ook aan die jeug gegee word. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterreine sal tot voordeel van 'n kandidaat strek.

Aansoeke moet die gemeentelike kerkkantoor **voor of op 13 Februarie 2012** bereik. Predikante en proponente kan hul besonderhede stuur aan die skriba, Charl van Rooyen, per e-pos na charl@optimaxmail.co.za of hervormwaterb@telkomsa.net, of faks na 086 695 5413 of 086 260 0934. Die Kerkraad sal die kandidate op 'n beroepslys plaas, waaruit 'n kortlys saamgestel sal word. Hierdie kandidate sal dan vir 'n preekgeleentheid en onderhoud genooi word. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie op hierdie advertensie gereageer en aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Steelpoort** beskik oor 'n **vakante volsorgstandplaas**. Die gemeente het 'n eie kerkgebou en pastorie, en bestaan uit ongeveer 200 belydende lidmate. Die bedieningsarea strek hoofsaaklik oor die hele Steelpoort en Burgersfort sowel as enkele aangrensende gebiede. Navrae kan aan die voorsitter van die beroepskomitee, Frank Jacobs, by 083 380 5346 gerig word. Enige belangstellende predikant of proponent kan 'n volledige CV **voor of op 15 Februarie 2012** aan hom stuur by frank@tecseal.co.za. Die Kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by wouter@nhk.co.za gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

- **Anne van Staden**, skoonmoeder van ds Arie Kuyper van Gemeente Villieria, is op 25 Januarie oorlede. Sy sou op 20 Februarie 85 jaar oud gewees het. Ons innige simpatie gaan aan ds Arie en sy vrou, Magda, en die res van die familie.
- Die **Grootfontein/Tsumeb-kombinasie** benodig die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige twee emeriti, ds Hennie Aucamp en ds Nico Brayshaw, het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of frikkie@nhk.co.za vir meer inligting.
- Gemeentes wat begin om hul **bedieningsplanne** voor te berei met die oog op die ringsvergaderings, of wat hulp nodig het met die opstel van 'n gemeentelike bedieningsplan, kan dr Wim Dreyer by wim.dreyer@up.ac.za kontak om 'n kopie te bekom van *Saam in diens: 'n handleiding vir gemeentes wat in Christus se voetspore wil volg*. Dit sal binnekort ook elektronies beskikbaar wees op die Kerk se webblad, en in gedrukte vorm by SENTIK se boekwinkel.
- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het in 2006 op versoek van die Afrikaanse kerke begin met 'n **nuwe Afrikaanse Bybelvertalingsprojek**. Die doel van die projek is om 'n goed verstaanbare, brontekstgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel te skep wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik. Die redaksionele komitee vir die Ou Testament het die afgelope week weer onder leiding van prof Bernard Combrink by Kempton Park vergader vir die redaksionele versorging van tekste uit Genesis en Levitikus. Uit die Hervormde Kerk dien **prof Andries Breytenbach** in dié redaksionele komitee, terwyl **dr Wouter van Wyk** ook by hierdie werksessie betrek is in die plek van 'n kollega wat tans oorsee is. Besoek gerus <http://www.nuwekerkbybel.co.za> vir meer inligting en proefvertalings.
- **Vloedskade in die Hoedspruit/Kampersrus-omgewing**. Ds Hennie Louw en Gemeente Kampersrus bedank graag die Hervormde Kerk en die gemeenskap vir die hulp en uitreik na die afgelope tyd se vloedskade. Gemeente Phalaborwa het water voorsien; Gemeente Tzaneen het klere en water aangery; Gemeente Letsitele het verlede Sondag met 'n watertenk Hoedspruit besoek. Kampersrus het die Jurg van Zyl Vloedrampfonds gestig en uit hul eie belegging R100 000 daarin gestort om mense wat skade gely het, by te staan. Inligting oor persone wat nou ondersteuning nodig het, asook bydraes tot die Fonds kan aan die gemeente se kassier, Tom Dreyer, deurgegee word, by 083 320 9738, of aan ds Louw by 084 508 7849 of henneloo@nhk.co.za. Baie dankie aan almal wat voorbidding gedoen het; in hierdie stadium is ds Louw nie bewus van enige lewensverlies in die omgewing nie.
- **Amptelike opening van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)**
Datum: Dinsdag 7 Februarie
Tyd: 09:00 tot 11:00
Plek: Raadsaal, Dirk van der Hoff-gebou
Spreker: Prof Natie van Wyk
Tema: Kategese – insigte van Augustinus en Zacharias Ursinus
Oorhandiging van toekennings: Dr Frikkie Labuschagne en mnr Elmar Struwig
Vingerete na afloop van verrigtinge
Dosentevergadering: 11:00 tot 14:00
- **Amptelike opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)**
Datum: Woensdag 15 Februarie
Tyd: 14:30
Plek: Gemeente Philadelphia



Spreker: Prof Yolanda Dreyer
Tema: Praktykopleiding van teologies studente vandag
Ook dr Christo van der Merwe se eerste opening as hoof van die HTK
Afskeid van prof Theuns Dreyer
en oorhandiging van TFJ Dreyer-huldigingsbundel
Oorhandiging deur prof Andries van Aarde (redakteur: HTS)
en prof Yolanda Dreyer (mederedakteur: HTS)
Vingerete na afloop van verrigtinge
Kontak mev Betsie Brits by betsie.brits@up.ac.za
of 012 420 5393 **voor 27 Januarie** om bywoning te bevestig



- **GELOWIGE GESINNE GESPREK.** *Gesinne is die boustene waaruit gemeentes bestaan.* Die Raad vir Gesinsorg en die Werkspan vir Jeugbediening nooi gesinne van ons Kerk uit na 'n heerlike saamweesgeleentheid waar ons wil gesels oor die waarde en doel van gelowige gesinne.

Ons wil saam gesels oor...

- Hoe gesinne vandag lyk en dat gesinne op verskillende maniere kan bestaan en verskillend saamgestel kan wees.
- Dat God gesinne skep met 'n baie spesiale doel.
- Dat die Here ook gesinne wil gebruik as boustene van sy kerk.

Datum, tyd en plek

Saterdag 11 Februarie 09:00 tot 15:00
Gemeente Montana
hv Azanza- Jan Bantjesstraat, Montana, Pretoria

Die koste

Die koste vir die dag beloop tussen R60 en R120 per gesin, afhangende van die getal gesinslede. Dit sluit in koffie, tee en verversings, 'n middagete en gedrukte gespreksmateriaal. Koeldrank sal te koop wees.

Om in te skryf en deel te neem, skakel

Montana-kerkkantoor 012 567 1753
Ds Danie van der Watt 082 572 4855
Ds Thinus van Staden 084 589 7035

Inskrywings sluit op 3 Februarie

Veraf gemeentes kan twee of drie gesinne stuur om te kom saampraat. Naby gemeentes kan gerus meer stuur! Ons wil graag soveel gesinne moontlik betrek.

- 'n Vakature vir 'n **orrelis** het ontstaan by **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi). Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by marikana@nhk.co.za, of kontak haar by 083 654 0626.
- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by nhkdullstroom@yahoo.com of 072 116 3353.
- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 vind plaas op 5 en 6 Junie, en op 6 en 7 November. Die tema is *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand.* Dit vind plaas by Gemeente Wapadrant. Meer inligting sal mettertyd beskikbaar wees.



Nagmaal op Caaquazu. Van links na regs is Danie Coetzee, Martie Coetzee, tannie Annie Brits, Janneman Brits, Alta Brits en Jaco Brits

- Die volgende brief is onlangs ontvang van **Danie en Martie Coetzee van Paraguay**: “Onlangs was van die klompie Suid-Afrikaners in Paraguay weer bevoorreg om besoek te ontvang van ds Eksteen Botes. Ek kan net namens myself en Martie praat, maar ons wil hom graag bedank vir sy besoek en vir wat hy vir ons hier in Independencia beteken het. Ons wil die Hervormde Kerk ook bedank dat hulle steeds hul weg oopsien om ons hier op so ’n gereelde basis te besoek. Ons weet dat die Kerk in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede dalk soms twyfel oor die wenslikheid om die handjie vol mense hier te besoek. Dit bly steeds vir ons ’n voorreg om die Woord hier in ons moedertaal te hoor. Omstandighede is hier seker nie altyd so gerieflik nie, maar ds Eksteen doen met alles entoesiasies mee, en onderneem busritte wat soms lank en uitputtend kan wees, sonder enige klagtes. Dit is baie aangenaam om hom elke keer hier te ontvang, nou as gevestigde vriend. Baie dankie ook vir die kerklike tydskrifte wat elke keer per hand hier afgelewer word – dit is goeie leesstof.”

Spesiale eredienste

- **Gemeente Rooihuiskraal** hou op **Sondag 29 Januarie** om 09:00 ’n **Woord-en-lied-erediens** waartydens die gospelsanger Hessel van der Walt ’n program sal aanbied. Hessel het met die titelsnit van sy CD *10 000 Engele* die toekenning vir beste geestelike treffer van 2011 ontvang. Vir meer inligting, besoek die blad van Gemeente Rooihuiskraal by **NHK RHK** op Facebook. Meer inligting oor die kunstenaar is beskikbaar by www.hesselvanderwalt.co.za. Navrae aan ds Jaco Vogel by 082 788 4877.
- **Gemeente Reitz** is op 2 Februarie 1992 gestig. Op **Sondag 5 Februarie** om 07:30 word ’n **spesiale dankdiens** gehou om die 20 jaar te gedenk, en stigterslede, oudlidmate en oudkerkraadslede is welkom om die erediens by te woon. Daar sal tee en koffie na die diens bedien word. Laat weet ouderling Wynand le Roux by 082 781 3988 indien u die geleentheid gaan bywoon.

Predikanteverjaardae

Die volgende predikante verjaar tot 3 Februarie, en word hartlik geluk gewens.

- Donderdag 26 Januarie: Dr Marthinus Pretorius (emeritus), di Marita Engelbrecht (Komatipoort) en Richard van der Westhuizen (Tzaneen)
- Vrydag 27 Januarie: Ds Elmien Snyman (Sundra)
- Sondag 29 Januarie: Dr Jaco Beyers (UP) en ds Heloïse Herbst (Rietvallei)
- Maandag 30 Januarie: Ds Eksteen Botes (Nelspruit)
- Woensdag 1 Februarie: Di Fanie Naudé (emeritus) en Andries Nel (Witpoortjie)
- Vrydag 3 Februarie: Di Tinus Mc Donald (siekte-emeritaat) en Almero Oosthuizen (Meyerton-Suid)

Beplande vergaderings

- Vrydag 27 Januarie: Finkom van die Ondersteuningsraad
- Dinsdag 31 Januarie: Koördineringskomitee
- Woensdag 1 Februarie: Dagbestuur van die Kinderhuise
- Vrydag 3 Februarie: Predikantepensioenfonds
Personeelpensioenfonds



Beskikbare behuising

- Daar is **verblyf** beskikbaar **binne loopafstand van die Universiteit van Pretoria**, op die kerkterrein van Gemeente Philadelphia in Hatfield. Gratis parking, elektrisiteit en water ingesluit. Vir meer inligting, kontak Esmé by 012 362 7237 of philadelphia@nhk.co.za.
- **Huis Tafelberger**. Nuutopgeknapt kamer beskikbaar vir **selfversorgende bejaarde**. Huis Tafelberger is geleë in Monte Vista, Kaapstad, en is een van die tehuise van die NHSV. Navrae aan die voorsitter, mev Anna Hanekom, by 021 872 6301 of mev Joan van der Westhuizen by 021 558 6575, of ds Kathleen Smith by 021 551 5264.

Kampe

- **Gemeente Montana: Vrouekamp**
9 tot 11 Maart
By Mopani Lodge, net buite Pretoria
Tema: *Steek 'n petunia in jou hoed en skaterlag!*
Spreker ds Janine Bevol-Manders
R500 per persoon
Vir navrae of besprekings: Jana Peenze 083 734 5426
of janapeenze@vodamail.co.za

Fondsinsamelings

- **Van Rensburg Monumenttehuis in Danville: Klap-'n-Tekkie**
Saterdag 10 Maart
1, 5 en 10 km pretloop by Fonteinedal Pretoria
R25 inskrywingsfooï vooraf, maar R30 op die dag
Vir inskrywings kontak Elma by 082 954 7955 (ruelma@vodamail.co.za)
of Elna by 083 443 9373
of besoek www.klapntekkie.co.za

Basaars en markte

- **Saterdag 28 Januarie: Gemeente Nelspruit**
Maroelafees en Buitelewe-ekspo
By Nelspruit Rugbyklub
In hoogseisoen van die maroela
Van 08:00 tot laatmiddag, toegang gratis
Gesinsvermaak
Verskeie maroelaprodukte, geregte, resepteboeke te koop
Woonwaens, tente, kampeertoerusting, veldvoertuie, kragopwekkers
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455 vir meer inligting
- **Saterdag 25 Februarie: Gemeente Leeudoringstad: NHSV Pienkbasaar**
Vanaf 09:00 op gemeenteterrein
Tema: *Sand en see*
Seremoniemeester Gretha Pers (pers heks van die ATKV)
Kosstalletjies met lekkernye vir die vrouens
Tuisgemaakte geskenke
Uitstallers met juwele, kinderklere en ander kinder- en bababenodighede
Babakompetisie 0 tot 24 maande, dooprokuitstalling
Veiling van koeke vir kinders
Vermaak vir kinders
Manne welkom!
Kontak Thea van Rooyen by 073 723 9883

- **AMANZIMTOTI**
Luukse vakansiewoonstel te huur
Reg op hoofstrand, met swembad
2 slaapkamers (6 beddens)
3 badkamers, luukse kombuis, DStv
24-uur-sekureiteit, onderdakparkering
Loopafstand van alles
Vanaf R340 per dag
Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809



ANDER NUUS

- **NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING**
Redakteur van *Die Christelike Vrou*

Die NHSV-hoofbestuur wag aansoeke in vir die pos van redakteur van die maandblad *Die Christelike Vrou*, om diens te aanvaar op 1 Maart 2012. Die geskikte kandidaat moet oor die volgende beskik:

Vereistes

Lidmaat van die NH Kerk van Afrika.

Naskoolse kwalifikasie in taal, joernalistiek of kommunikasie.

Ervaring van uitgewery, taalversorging, redigering, joernalistiek.

Kennis van en betrokkenheid by NHSV-sake.

Vaardighede

Taal- en skryfvaardigheid; goeie menseverhoudings; rekenaargeletterd; kreatiewe vermoë; administrasie- en organisasievermoë; vermoë om by sperdatums te hou; vermoë om in 'n span saam te werk; vermoë om 'n span te motiveer.

Aangesien *Die Christelike Vrou* deel vorm van *Konteks*, word van die redakteur verwag om ook by die redaksie van *Konteks* betrokke te wees asook in noue samewerking met die *Konteks*-redakteur en -produksiespan te kan funksioneer. Die redakteur dien ook ampshalwe in die Raad vir SENTIK.

Hierdie is 'n deeltydse pos.

Sluitingsdatum is **10 Februarie 2012**. Onderhoude vind die middag van 17 Februarie 2012 plaas.

Stuur CV voor of op 10 Februarie 2012 aan nhsvhoofbestuur@nhk.co.za of faks na 086 693 7955 of kontak NHSV-kantoor by 012 325 0117.

- **ADVERTENSIES** waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059 of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

AGTERBLAD

Gelowige gesinne in gesprek

Die Januarie/Februarie 2012-uitgawe van *Die Hervormer* sal volgende week aan gemeentes gepos word.

Ds Danie van der Watt vertel van die beoogde byeenkoms met die tema *Gelowige Gesinne Gesprek* wat op Saterdag 11 Februarie by Gemeente Montana plaasvind. Die nuwe redakteur, dr André Ungerer, herinner ons dat 'n krisis dikwels nuwe geleenthede bied.

Hoe loop 'n mens in Christus se voetspore? Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se inisiatiewe om in 2012 konkreet gestalte te gee aan hierdie tema is daarop gerig om gemeentes en lidmate te ondersteun.

Lees ook van die skuiwe in die Kerk en prestasies van predikante, en luister na 'n stem uit die Hervormde middelgrond.

*** Teken in op *Die Hervormer* teen R100 vir 11 uitgawes (R10 per individuele eksemplaar). Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of sentik@nhk.co.za.

Besoek www.hervormer.co.za en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

